Health • Rural Development • Employment • Safety & Security • Education

# Vuk'uzenzele

Produced by: Government Communication & Information System (GCIS) English / Afrikaans November 2020 Edition 2



**LGBTI rights are protected**

Page 5

STAY SAFE

PROTECT SOUTH AFRICA

TOGETHER WE CAN BEAT CORONAVIRUS



**It's never too late to get your matric**

Page 9

# South Africa's economic recovery plan gets going



SOUTH AFRICAN ECONOMIC RECONSTRUCTION AND RECOVERY

BUILDING A NEW ECONOMY





**Silusapho Nyanda**

A car parts manufacturing company that is owned by a black woman is on the road to success, despite only starting operations less than two years ago.

Aphelele Plastics makes car suspension bushings and washers – which are supplied to companies that deal in Volkswagens, BMWs and Audis; trolley tyres and newspaper cutting sticks.

Owner Nobuhle Gwala (53) says they make the products from polyurethane plastic material. "The polyurethane bushings and balls are used in a car's gearbox and for the mounting of a car's engine.

"We also make rubber newspaper cutting sticks, which are used by newspaper printing companies to separate the different newspapers as they come off the conveyor belt," she says.

Aphelele Plastics, which was started in February 2019, currently produces around 100 bushings a day but that is set to double as Gwala's company has received specialist manufacturing machinery and a bakkie through a government empowerment programme.

Speaking at the launch of KwaZulu-Natal's Department of Economic Development, Tourism and Environmental Affairs' (DEDTEA) Operation Vula Fund, MEC Nomusa Dube-Ncube said: "We are handing over bakkies, bakery equipment, catering equipment, animal feed and other machinery to 12 emerging en

Cont. page 2

2030 NDP

To read Vuk'uzenzele download the GOVAPP on:

ANDROID APP ON Google play

Available on the App Store

Search for SA Government on Google playstore or appstore

CONTACT US Vuk'uzenzele @VukuzenzeleNews

Website: *www.gcis.gov.za* *www.vukuzenzele.gov.za*

Email: *vukuzenzele@gcis.gov.za*

Tel: (+27) 12 473 0353

**Tshedimosetso House:**

1035 cnr Frances Baard and Festival streets, Hatfield, Pretoria, 0083

FREE COPY NOT FOR SALE




# Eindstreep wink vir 2020 Matrieks

Die Matriekklas van 2020 het sopas hul nasionale seniorsertifikaateksamen afgeskop. Die eksamen is die kulminasie van 12 jaar op die skoolbanke, insluitend die afgelope jaar se strawwe voorbereiding. Dit is 'n opwindende tyd vir matrikulante, maar gaan ook met 'n tikkie angs gepaard.



Vanjaar se eksamen word onder ongekende omstandighede afgelê. Ons is te midde van 'n wêreldwye pandemie. Die landwye staat van inperking wat ons in Maart moes implementeer om die verspreiding van die koronavirus te beperk, het ons daaglikse lewens omvergewerp en kosbare ure van onderrig en studie het tot niet gegaan.

Om hierdie ontwrigtings die hoof te bied, is die Junie-seniorsertifikaateksamen uitgestel en gaan dit saam met die nasionale seniorsertifikaateksamen geskryf word. Meer as 'n miljoen kandidate sal na verwagting die 2020-matriekeksamen aflê, wat onlangs begin het.

Hierdie gekombineerde eksamen is dus die grootste openbare eksamen wat nog ooit in Suid-Afrika afgelê is.

Die provinsiale en nasionale departemente van onderwys verdien voorwaar 'n pluimpie vir hul puik voorbereiding om te verseker dat sake seepglad verloop. Dit sluit in die onafhanklike en openbare ouditering van eksamensentrums, die verkryging van ekstra eksamenlokale om voorsiening te maak vir die groot aantal kandidate en die ontwikkeling van protokols om te verseker dat kandidate en eksamenbeamptes aan COVID-19-regulasies voldoen.

Die Klas van 2020 moes omstandighede en toestande verduur waaraan hul voorgangers nooit blootgestel is nie. Hulle moes voortdurend by die nuwe stand van sake aanpas om nie net die kurrikulum te voltooi nie, maar ook al die verlore ure in te haal. Alhoewel sommige matrikulante toegang tot aanlynleerplatforms en ander hulpbronne gehad het, het baie ander egter gesukkel met toegang tot studiemateriaal en onderrig.

Vanjaar se matrikulante moes die geestespanning van sosiale afsondering verduur en is vir baie maande van hul vriende en onderwysers afgesny. Hulle kon nie deelneem aan sportaktiwiteite en ontspanningstydverdrywe wat noodsaaklik is vir 'n gebalanseerde lewenstyl en wat die spanning van langdurige studie verlig nie.

Tog, ondanks al hierdie struikelblokke, is ons leerders vasberade om hierdie eksamen – die hoogtepunt van hul skoolloopbaan – suksesvol af te lê.

Dit was net so moeilik vir ons onderwysers. Ten spyte van die risiko wat die virus inhou en die uitdagings betreffende onderrighulpmiddele en -hulpbronne in ons skole, het die meerderheid onderwysers ag geslaan op die beroep om na skole terug te keer om te red wat te redde was van die akademiese jaar.

Hulle het elke dag vir diens aangemeld om ons matrikulante te ondersteun. Hulle het die nodige ekstra ure ingesit om ons leerders oor die wenstreep te kry en gewoeker met die hulpmiddele tot hul beskikking om te verseker dat onderrig voortgegaan het.

Ek bring hulde aan ons onderwysers, wat daar was vir hul leerders toe hulle dit die nodigste gehad het. Hulle het soveel van hulself gegee, beide in hul persoonlike en professionele hoedanighede. Hulle het ons leerders vooropgestel en sodoende weereens bevestig dat Suid-Afrika se onderwysers onder die land se voorste staatsamptenare tel.

Hierdie pandemie het ons nasie byeengebring op ongekende wyses, en dit was duidelik te bespeur in die matrikulasie-eksamenvoorbereiding.

Baie sake-ondernemings het 'n ondersteuningsrol ingeneem en gehelp met die verskaffing en beskikbaarstelling van tegnologie soos tablette aan skole, asook hulpbronne aan skole se multimediasentrums. Mobiele netwerkoperateurs het e-skoolplatforms tydens die inperkingstydperk geskep wat gratis leerinhoud verskaf het, insluitend vakinhoud vir matrikulante.

Universiteitgegradueerdes het aanlyntutorplatforms geskep en broodnodige aanvullende onderrigsteun gratis beskikbaar gestel.

Die SAUK en ander TV-verskaffers het opvanglesse vir matriekleerders beskikbaar gestel deur middel van die departement van basiese onderwys se Woza Matrics-program, wat leerders in staat gestel het om vir die eksamen voor te berei.

Daar is die aangrypende verhaal van Dendron Sekondêre Skool in Limpopo, waar 'n groep toegewyde onderwysers hul eie huise vir leerders oopgestel het. Gedurende die begindae van die inperkingstydperk het hulle voedsel en verblyf aan klein groepe matrikulante verskaf en met hul studies gehelp.

Daar is sonder twyfel nog sulke verhale in ander dele van ons land; van onderwysers wat tuisstudiegroepe vir hul leerders op die been gebring het en van ouers wat voedsel, 'n plek om te studeer en ander hulpbronne aan hul kinders se vriende verskaf het.

Sonder die ondersteuning van ouers, familie en ons gemeenskappe sou ons leerders se paadjie na die matriekeksamen ongetwyfeld baie moeiliker gewees het. Ons bedank hulle vir hul ondersteuning.

Ondanks vanjaar se vele uitdagings, doen ek 'n beroep op die Klas van 2020 om nog een laaste keer uit hul diep reserwes van moed en krag vir dié pylvak te put.

Aan die Klas van 2020, ek wens julle net die beste toe.

Julle het uitdagings oorkom wat die uithouvermoëns van selfs die mees geharde en ervare volwassenes sou beproef.

Op jul jong ouderdom is daar reeds soveel vereistes wat aan julle gestel word. Daar is die druk van strawwe studies, druk om te presteer en om die uitslae te kry wat julle benodig om verder te kan studeer. En tog het julle dit tot hier gemaak.

Wanneer julle in die volgende paar weke by die eksamenlokale instap, rus daar nie net jul eie drome van sukses en dié van jul families op jul skouers nie, maar ook die hoop van ons almal as Suid-Afrikaners.

Ons is geweldig trots op julle en wens julle alle sterkte toe.

# LGBTI-regte word beskerm



Silusapho Nyanda

Elke Suid-Afrikaner het die reg om in 'n samelewing te leef waarin hul veilig en geborge voel. Dit sluit ook mense in die lesbiese, homoseksuele, biseksuele, transgeslag- en interseksuele (LGBTI) gemeenskap in.

Baie mense in die LGBTI-gemeenskap was in die verlede die slagoffers van geweld op grond van hul geslagskeuses.

Die vlaag geweld wat die LGBTI-gemeenskap geteister het, het gelei tot die totstandkoming van verskeie regsliggame en nie-staatsorganisasies met die oog daarop om die regte van LGBTI-mense te beskerm.

Een van die instansies wat gestig is om die regte van die LGBTI-gemeenskap te beskerm en bevorder, is die nasionale taakmag vir geslags- en seksuele-oriëntasiegebaseerde seksuele geweld teen LGBTI-persone (National Task Team on Gender and Sexual Orientation-Based Sexual Violence Perpetrated Against LGBTI Persons, oftewel die NTT).

Die NTT is 'n liggaam wat deur die Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling (DJSO) in samewerking met die Suid-Afrikaanse Kommissie vir Geslagsgelykheid gevorm is asook LGBTI-regtegroepe soos die Gay & Lesbian Memory in Action (GALA), OUT LGBT Well-Being (OUT), die Foundation for Human Rights (FHR) en ander rolspelers.

As deel van hul werk word haatmisdaadsondersoeke in die strafregstelsel deur die NTT aangeteken, gemonitor en so spoedig moontlik opgelos, met behulp van die nasionale snelreaksie-eenheid (rapid response team oftewel RRT). Die RRT bestaan uit die DJSO, die nasionale vervolgingseenheid en die Suid-Afrikaanse Polisiediens, asook verteenwoordigers van burgerlike gemeenskapsorganisasies.

Die doel van die RRT is om aandag te skenk aan die hangende en aangemelde ondersoeke in die strafregstelsel waar gevalle van haatmisdaad teen lede van die LGBTI-gemeenskap gepleeg is.

Dit word gedoen om te verseker dat aangemelde en hangende ondersoeke na haatmisdaad aandag geniet en binne 'n redelike tyd afgehandel word. Die RRT versamel ook inligting oor aangemelde gevalle van haatmisdaad. Hierdie inligting sluit in die volle name van die slagoffer, volledige besonderhede van die aanvaller, die datum waarop die misdaad gepleeg is, asook waar en wanneer dit aangemeld is.

Die hof- en saaknommer, bondige feite rakende die oortreding, die stand van die ondersoek, die uitslag van die ondersoek asook inligting oor die vonnisoplegging in gevalle van skuldigbevindings, vorm ook deel van die inligting wat by die RRT beskikbaar is.

*Hierdie inligting is deur die Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling verskaf.*

**Vir meer inligting oor die RRT, besoek *www.nationallgbtitaskteam.co.za* om uit te vind waar jou naaste provinsiale kantoor geleë is, of skakel die DJSO by 012 357 8107 vir hulp met alle sake rakende LGBTI en die reg.**

# Community kitchen brings hope to Tholeni

Silusapho Nyanda



Members of the Phumalanga Nutrition and Development non-governmental organisation serve meals to the community of Tholeni village in Butterworth, Eastern Cape.

A rural community has turned its painful past into an opportunity to feed and grow its people, after being thrown into darkness by a serial killer.

The Phumalanga Nutrition and Development Project, which operates from the Tholeni White Door Centre of Hope in Tholeni Village in the Eastern Cape, feeds 120 elderly people living with disabilities and orphaned children.

The centre was started as a community kitchen in 2013, after convicted serial killer Bulelani Mabhayi raped and killed over 20 women and children in the village.

A beneficiary of the Phumalanga Nutrition and Development Project, Notheko Mabayi (70), says the village's women started the project due to the impact of poverty in the village. Community members donated R20 per household for food and equipment.

"The families in our community had lost breadwinners and children were left orphaned by the killings. After seeing the devastation, we decided to help those less fortunate by starting a food drive," Mabayi says.

When the project was up and running, the Department of Social Development took over the funding of the project, supplying food, cutlery, tables and stoves.

Mabayi says the meals are also helping to curb crime among the youth, as they now have something to eat. "In the past, we had a serious issue of theft, but this has decreased since the programme started."

The meals community members receive are nutritious, containing vegetables, starch and protein, and Mabayi is able to feed herself and her granddaughter. "Tonight, I will not have to cook supper. We will have enough food from the meal that I collect from the centre," she says.

The non-governmental organisation's deputy chairperson Witness Madondo says the kitchen aims to foster a united community that looks after each other. "The idea was to have a place where the elderly in our community can be looked after and be safe and productive."

Madondo explains that the village's elders also use the centre to participate in skills development and recreational activities, including playing soccer and participating in athletics competitions.

"Our athletics team represented our municipality at the provincial athletics tournament for the elderly in 2018," says Mabayi.